Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette
# Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE – POSVRY

VOL. 28.] PRETORIA, 27 OCTOBER / 27 OKTOBER 1967. [No. 1877.

## PROCLAMATION

*by the Acting State President of the Republic of South Africa.*

No. 282, 1967.]

COMING INTO OPERATION OF THE ATOMIC ENERGY ACT, 1967 (ACT No. 90 OF 1967).

Under and by virtue of the powers vested in me by section 38 of the Atomic Energy Act, 1967 (Act No. 90 of 1967), I do hereby declare that the said Act shall come into operation on the first day of November 1967.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Sixteenth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

C. DE WET.

## PROKLAMASIE

*van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.*

No. 282, 1967.]

INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP ATOOMKRAG, 1967 (WET No. 90 VAN 1967).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Wet op Atoomkrag, 1967 (Wet No. 90 van 1967), verklaar ek hierby dat gemelde Wet op die eerste dag van November 1967 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sestiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

C. DE WET.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE.

No. 1669.] [27 October 1967.

REMOVAL OF SHELL GRIT FROM THE SEASHORE AT JEFFREYS BAY, DIVISION OF HUMANSDORP, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

Notice is hereby given in terms of section 3 (5) of the Seashore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), as amended, that the Minister of Agricultural Credit and Land Tenure proposes to grant permission to the Municipality of Jeffreys Bay for the removal of shell grit from the seashore from a point where the northern boundary of Erf 265 reaches the seashore to where the northern boundary of Erf 170 reaches the seashore.

[Agricultural Credit and Land Tenure: D(K) 14761.]

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 1705.] [27 October 1967.

SPECIAL LEVIES ON FACTORY CHEESE, CREAMERY BUTTER AND CONDENSING MILK.

In terms of section 29 (1) of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Dairy Industry Control Board,

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT.

No. 1669.] [27 Oktober 1967.

VERWYDERING VAN SKULPGRUIS VANAF DIE STRAND TE JEFFREYSBAAI, AFDELING HUMANSDORP, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Landboukrediet en Grondbesit voornemens is om toestemming aan die munisipaliteit van Jeffreysbaai te verleen vir die verwydering van skulpgruis van die strand te Jeffreysbaai vanaf 'n punt waar die noordelike grens van Erf 265 die strand bereik tot waar die noordelike grens van Erf 170 die strand bereik.

[Landboukrediet en Grondbesit: D(K) 14761.]

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. 1705.] [27 Oktober 1967.

SPESIALE HEFFING OP FABRIEKSKAAS, FABRIEKSBOTTER EN KONDENSEERMELK.

Ooreenkomstig artikel 29 (1) van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Raad van Toesig op

referred to in section 3 of the Dairy Products Marketing Scheme, published by Proclamation No. 183 of 1954, as amended, has, in terms of section 24 of that scheme and with my approval, imposed the special levies specified in the schedule hereto, in substitution for the special levies made known by Government Notice No. 777 of the 26th May 1967.

I do hereby further make known that the said special levies shall become operative on the first day of November 1967.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

SCHEDULE.

(*a*) A special levy on factory cheese at the rate of—

(i) 4·32c per pound of such cheese of the Gouda type;

(ii) 3·81c per pound of such cheese of the Cheddar type; and

(iii) 2c per pound of such cheese other than of the Cheddar or Gouda type.

(*b*) A special levy on creamery butter at the rate of 1·89c per pound of such butter.

(*c*) A special levy on condensing milk at the rate of—

(i) 10c per 100 lb of such milk purchased or otherwise acquired for the manufacture of skim-milk powder; and

(ii) 13c per 100 lb of such milk purchased or otherwise acquired for the manufacture of a product other than skim-milk powder.

die Suiwelnywerheid, genoem in artikel 3 van die Suiwelproduktebemarkingskema, afgekondig by Proklamasie No. 183 van 1954, soos gewysig, ingevolge artikel 24 van daardie skema en met my goedkeuring, die spesiale heffings soos in die bylae hiervan uiteengesit, opgelê het, ter vervanging van die spesiale heffings bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 777 van 26 Mei 1967.

Voorts maak ek hierby bekend dat genoemde spesiale heffings op die eerste dag van November 1967 in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

BYLAE.

(*a*) 'n Spesiale heffing van—

(i) 4·23c per pond op fabriekskaas van die Goudatipe;

(ii) 3·81c per pond op fabriekskaas van Cheddartipe; en

(iii) 2c per pond op fabriekskaas van 'n ander tipe as die Cheddar- of Goudatipe.

(*b*) 'n Spesiale heffing van 1·89c per pond op fabriekskotter.

(*c*) 'n Spesiale heffing van—

(i) 10c per 100 lb op kondenseermelk gekoop of andersins verkry vir die vervaardiging van afgeroomdemelkpoeier; en

(ii) 13c per 100 lb op kondenseermelk gekoop of andersins verkry vir die vervaardiging van 'n ander produk as afgeroomdemelkpoeier.

---

No. 1682.] [27 October 1967.

PRODUCERS' PRICES FOR OFFAL IN CONTROLLED AREAS.—AMENDMENT.

In terms of section 29 of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Livestock and Meat Industries Control Board referred to in section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation No. R. 200 of 1964, has, under the powers vested in it by section 15 of the said Scheme, with my approval further amended the determinations set out in the schedule to Government Notice No. 1825 of 1959, as amended, in the manner set out in the schedule hereto.

And I hereby further make known that this notice shall come into operation on the 30th October 1967.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

SCHEDULE.

The schedule to Government Notice No. 1825 of 1959, as amended, is hereby further amended—

(1) by the substitution for the tariffs for the calculation of the producers' prices for sound offal for the controlled areas of Bloemfontein, Kimberley, East London and Port Elizabeth, as specified in part 1 of the annexure thereto, of the following tariffs as set out in part 1 of the annexure hereto; and

(2) by the substitution for the tariffs for the calculation of the producers' prices for detained cattle offal for the controlled areas of Kimberley, East London and

No. 1682.] [27 Oktober 1967.

PRODUSENTEPRYSE VAN AFVAL IN BEHEERDE GEBIEDE.—WYSIGING.

Kragtens artikel 29 van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, vermeld in artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. R. 200 van 1964, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 15 van genoemde Skema, met my goedkeuring die vasstellings gedoen in die bylae van Goewermentskennisgewing No. 1825 van 1959, soos gewysig, verder gewysig het op die wyse in die bylae hiervan uiteengesit.

Voorts maak ek bekend dat hierdie kennisgewing op 30 Oktober 1967 van krag word.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

BYLAE.

Die bylae van Goewermentskennisgewing No. 1825 van 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur—

(1) die tariewe vir die berekening van die produsentepryse vir gesonde afval vir die beheerde gebiede van Bloemfontein, Kimberley, Oos-Londen en Port Elizabeth soos in deel 1 van die aanhangsel daarvan gespesifiseer, deur die tariewe in deel 1 van die aanhangsel hiervan te vervang; en

(2) die tariewe vir die berekening van die produsentepryse vir teruggehoue beesafval in die beheerde gebiede van Kimberley, Oos-Londen en Port Elizabeth soos in

Port Elizabeth, as specified in part 2 of the annexure thereto, of the following tariffs as set out in part 2 of the annexure hereto.

ANNEXURE.

1. SOUND OFFAL.

| Controlled area. | Cattle Offal. | | Calf offal. | Lamb, sheep and goat offal. | Pig offal. |
|---|---|---|---|---|---|
| | With whole or slightly trimmed liver. | Without liver. | | | |
| | R c | R c | R c | R c | c |
| Bloemfontein.... | 1.41 | 1.10 | 0.96 | 1.63 | 26 |
| Kimberley..... | 1.53 | 1.15 | 1.09 | 1.78 | 42 |
| East London.... | 1.29 | 0.96 | 1.15 | 1.26 | 22 |
| Port Elizabeth... | 1.40 | 1.06 | 1.00 | 1.34 | 34 |

2. DETAINED CATTLE OFFAL.

| *Controlled area.* | *Tariff.* R c |
|---|---|
| Kimberley..... | 1.11 |
| East London..... | 0.43 |
| Port Elizabeth..... | 0.62 |

deel 2 van die aanhangsel daarvan gespesifiseer, deur die tariewe in deel 2 van die aanhangsel hiervan te vervang:—

AANHANGSEL.

1. GESONDE AFVAL.

| Beheerde gebied. | Beesafval. | | Kalfafval. | Lam-, skaap- en bokafval. | Varkafval. |
|---|---|---|---|---|---|
| | Met heel of effens gesnyde lewer. | Sonder lewer. | | | |
| | R c | R c | R c | R c | c |
| Bloemfontein.... | 1.41 | 1.10 | 0.96 | 1.63 | 26 |
| Kimberley..... | 1.53 | 1.15 | 1.09 | 1.78 | 42 |
| Oos-Londen..... | 1.29 | 0.96 | 1.15 | 1.26 | 22 |
| Port Elizabeth... | 1.40 | 1.06 | 1.00 | 1.34 | 34 |

2. TERUGGEHOUE BEESAFVAL.

| *Beheerde gebied.* | *Tarief.* R c |
|---|---|
| Kimberley..... | 1.11 |
| Oos-Londen..... | 0.43 |
| Port Elizabeth..... | 0.62 |

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1677.] [27 October 1967.

GCINA TRIBAL AUTHORITY, GLEN GREY DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 7 OF 1965.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 7, dated 2 January 1965, in accordance with the accompanying schedule.

File F.53/1368/2.

SCHEDULE.

Substitute for subparagraph "(xxi)" of the schedule the following:—

"(xxi) that portion of Location 11 called Nonesi, known as Jantjie Umhlebi's Farm; and".

No. 1678.] [27 October 1967.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE BAKUBUNG TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE BAKUBUNG BA RATHEO TRIBAL AUTHORITY IN THE RUSTENBURG DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Bakubung Tribe in accordance with the accompanying schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid tribe under Acting Chieftainess C. Monnakgothla and in respect of the area as defined in the aforesaid schedule, to be known as the Bakubung Ba Ratheo Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the tribal authority shall, in addition to the Chieftainess of the said tribe, consist of not more than 27 councillors.

File No. F.53/1528/16.

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1677.] [27 Oktober 1967.

GCINASTAMOWERHEID, DISTRIK GLEN GREY.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 7 VAN 1965.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 7 van 2 Januarie 1965, ooreenkomstig bygaande bylae.

Lêer F.53/1368/2.

BYLAE.

Vervang subparagraaf „(xxi)" van die bylae deur die volgende:—

„(xxi) die gedeelte van Lokasie 11 genoem Nonesi, bekend as Jantjie Umhlebi's Farm; en".

No. 1678.] [27 Oktober 1967.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE BAKUBUNGSTAM EN INSTELLING VAN DIE BAKUBUNG BA RATHEOSTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK RUSTENBURG.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Bakubungstam te bepaal ooreenkomstig bygaande bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder waarnemende kapteine C. Monnakgothla, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Bakubung Ba Ratheostamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kapteine van genoemde stam, uit hoogstens 27 raadsmanne bestaan.

Lêer No. F.53/1528/16.

SCHEDULE.

THE AREA OF THE BAKUBUNG TRIBE AND BAKUBUNG BA RATHEO TRIBAL AUTHORITY IN THE RUSTENBURG DISTRICT.

Koedoesfontein 94 JQ, Ledig 93 JQ, Wydhoek 92 JQ and Frischgewaagd 96 JQ.

---

No. 1679.] [27 October 1967.

HALA TRIBAL AUTHORITY, GLEN GREY DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 9 OF 1965.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 9, dated 2 January 1965, in accordance with the accompanying schedule.

File F.53/1368/1.

SCHEDULE.

1. Substitute for subparagraph "(vii)" of the schedule the following:—

"(vii) Location 11, called Nonesi, excluding that portion known as Jantjie Umhlebi's Farm;"

---

No. 1680.] [27 October 1967.

ENACTMENTS OF THE HEWU REGIONAL AUTHORITY, WHITTLESEA AREA, QUEENSTOWN DISTRICT.—STYING OF PIGS.

The Acting State President has been pleased—

(*a*) in terms of section 5 (1) (*b*) (vii) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to consider the control of pigs in the area of the Hewu Regional Authority in the Whittlesea Area within the sphere of the said Regional Authorities' capabilities and to assign it to the said Regional Authority; and

(*b*) in terms of section 5 (2) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the enactments in the accompanying schedule made by the Hewu Regional Authority in the Whittlesea Area.

F55/7/7/6.

SCHEDULE.

ENACTMENTS OF THE HEWU REGIONAL AUTHORITY, WHITTLESEA AREA, QUEENSTOWN DISTRICT.—STYING OF PIGS.

Every person resident in the area of the Hewu Regional Authority who owns pigs or who has pigs under his supervision in such area shall from and after the date of publication of this enactment confine such pigs within a sty and shall not allow them to roam at large within the said area.

---

No. 1687.] [27 October 1967.

AGREEMENT BETWEEN THE MUNICIPALITY OF BRITSTOWN AND THE DIVISIONAL COUNCIL OF BRITSTOWN.

Notice is hereby given for general information in terms of section 40 (5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), that the Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of section 40 (1) of the said Act, approved an agreement entered into by and between the Municipality of Britstown and the Divisional Council of Britstown which was signed on behalf of the Municipality of Britstown on 11 July 1967, and on behalf of the Divisional Council of Britstown on 11 July 1967, whereby the Municipality of Britstown undertakes to give effect, on behalf of the Divisional Council of Britstown, and within the urban area and prescribed area of the Divisional Council of Britstown, to the provisions of the said Act, as well as to the provisions of the Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), and to any regulations promulgated thereunder.

*Reference No.* A1/1094.]

BYLAE.

DIE GEBIED VAN DIE BAKUBUNGSTAM EN BAKUBUNG BA RATHEOSTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK RUSTENBURG.

Koedoesfontein 94 JQ, Ledig 93 JQ, Wydhoek 92 JQ en Frischgewaagd 96 JQ.

---

No. 1679.] [27 Oktober 1967.

HALASTAMOWERHEID, DISTRIK GLEN GREY.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 9 VAN 1965.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 9 van 2 Januarie 1965, ooreenkomstig bygaande bylae.

Lêer F.53/1368/1.

BYLAE.

1. Vervang subparagraaf „(vii)" van die bylae deur die volgende:—

„(vii) Lokasie 11, genoem Nonesi, uitgesonderd die gedeelte wat bekend staan as Jantjie Umhlebi's Farm;"

---

No. 1680.] [27 Oktober 1967.

MAATREËLS VAN DIE HEWUSTREEKSOWERHEID, GEBIED WHITTLESEA, DISTRIK QUEENSTOWN.—OP HOK HOU VAN VARKE.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om—

(*a*) kragtens artikel 5 (1) (*b*) (vii) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), die beheer oor varke binne die gebied van die Hewustreeksowerheid in die gebied Whittlesea, as binne die bestek van sogenoemde streeksowerheid se bevoegdhede te beskou en aan genoemde streeksowerheid toe te wys; en

(*b*) kragtens artikel 5 (2) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die uitvaardiging deur die Hewustreeksowerheid in die gebied Whittlesea van die maatreëls soos vervat in bygaande bylae.

F55/7/7/6.

BYLAE.

MAATREËLS VAN DIE HEWUSTREEKSOWERHEID, GEBIED WHITTLESEA, DISTRIK QUEENSTOWN.—OP HOK HOU VAN VARKE.

Elke persoon wat in die gebied van die Hewustreeksowerheid woonagtig is en in sodanige gebied varke besit of onder sy toesig het, moet vanaf en na die datum van uitvaardiging van hierdie maatreël sodanige varke op hok hou en nie toelaat dat dit binne sodainge gebied losloop nie.

---

No. 1687.] [27 Oktober 1967.

OOREENKOMS TUSSEN DIE MUNISIPALITEIT BRITSTOWN EN DIE AFDELINGSRAAD VAN BRITSTOWN.

Hierby word kragtens artikel 40 (5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens artikel 40 (1) van genoemde Wet goedkeuring verleen het aan 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die munisipaliteit van Britstown en die afdelingsraad van Britstown wat onderteken is namens die munisipaliteit van Britstown op 11 Julie 1967 en namens die afdelingsraad van Britstown op 11 Julie 1967, waarby die munisipaliteit van Britstown onderneem om namens die afdelingsraad van Britstown en binne die stadsgebied en voorgeskrewe gebied van die afdelingsraad van Britstown uitvoering te gee aan die bepalings van genoemde Wet, asook aan die bepalings van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), en aan enige regulasies daarkragtens uitgevaardig.

*Verwysings No.* A1/1094.]

No. 1688.] [27 October 1967.

AGREEMENT BETWEEN THE DIVISIONAL COUNCIL OF OUDTSHOORN AND THE VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF DE RUST.

Notice is hereby given for general information, in terms of section 40 (5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), that the Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of section 40 (1) of the said Act, approved an agreement entered into by and between the Divisional Council of Oudtshoorn and the Village Management Board of De Rust, which was signed on behalf of the Divisional Council of Oudtshoorn on 13 April 1967 and on behalf of the Village Management Board of De Rust on 13 April 1967 whereby the Divisional Council of Oudtshoorn undertakes to give effect, on behalf of the Village Management Board of De Rust, and within the urban area and prescribed area of the Village Management Board of De Rust, to the provisions of the said Act, as well as to the provisions of the Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), and to any regulations promulgated thereunder.

*Reference No.* A1/1820.]

No. 1689.] [27 October 1967.

SHONGOANE TRIBAL AUTHORITY.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 9 OF 1955.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 9, dated 7 January 1955, in accordance with the accompanying schedule. F.53/1545/4.

SCHEDULE.

Substitute for the words "District Potgietersrus" in the heading the words "Potgietersrus and Waterberg Districts".

No. 1690.] [27 October 1967.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE HLONGWA TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE HLONGWA TRIBAL AUTHORITY IN THE KRANSKOP DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Hlongwa Tribe in accordance with the accompanying schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid tribe under Chief Ngqungqushe Hlongwa and in respect of the area as defined in the aforesaid schedule, to be known as the Hlongwa Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the tribal authority shall, in addition to the chief of the said tribe, consist of not more than 11 councillors.

Paragraph marked "Amahlongwa Ward (Chief Mtamo)" of Government Notice No. 2049, dated 30 November 1928, is hereby withdrawn.

File F.53/1357/5.

SCHEDULE.

BOUNDARIES OF THE AREA OF THE HLONGWA TRIBE AND TRIBAL AUTHORITY, KRANSKOP DISTRICT.

*Area* 1.

Beginning at beacon 1 situated on the Sese Ridge through beacons 2, 3, 4, 5, 6, 7 and 8; thence to beacon 9 which is situated on the topmost of the north-eastern edge of the Nabane Bluff; thence along the top northern

No. 1688.] [27 Oktober 1967.

OOREENKOMS TUSSEN DIE AFDELINGSRAAD VAN OUDTSHOORN EN DIE DORPSBESTUUR VAN DE RUST.

Hierby word, kragtens artikel 40 (5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens artikel 40 (1) van genoemde Wet goedkeuring verleen het aan 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die afdelingsraad van Oudtshoorn en die dorpsbestuur van De Rust, wat onderteken is namens die afdelingsraad van Oudtshoorn op 13 April 1967 en namens die dorpsbestuur van De Rust op 13 April 1967, waarby die afdelingsraad van Oudtshoorn onderneem om namens die dorpsbestuur van De Rust en binne die stadsgebied en voorgeskrewe gebied van die dorpsbestuur van De Rust, uitvoering te gee aan die bepalings van genoemde Wet, asook aan die bepalings van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), en aan enige regulasies daarkragtens uitgevaardig.

*Verwysings No.* A1/1820.]

No. 1689.] [27 Oktober 1967.

SHONGOANESTAMOWERHEID.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 9 VAN 1955.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Bantoe-owerhede Wet, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 9 van 7 Januarie 1955 ooreenkomstig bygaande bylae. F.53/1545/4.

BYLAE.

Vervang die woorde "Distrik Potgietersrus" in die opskrif deur die woorde "Distrikte Potgietersrus en Waterberg".

No. 1690.] [27 Oktober 1967.

BEPALINGS VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE HLONGWASTAM EN INSTELLING VAN DIE HLONGWASTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK KRANSKOP.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Hlongwastam te bepaal ooreenkomstig bygaande bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Ngqungqushe Hlongwa, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Hlongwastamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 11 raadsmanne bestaan.

Paragraaf gemerk „Amahlongwase Wyk (kaptein Mtamo)" van Goewermentskennisgewing No. 2049 van 30 November 1928, word hierby ingetrek.

Lêer F.53/1357/5.

BYLAE.

GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE HLONGWASTAM EN STAMOWERHEID, DISTRIK KRANSKOP.

*Gebied* 1.

Vanaf baken 1, geleë op die Seserand deur bakens 2, 3, 4, 5, 6, 7 en 8; daarvandaan tot by baken 9 geleë op die toppunt van die noordoostelike kant van die Nabanevoorgebergtes; daarvandaan langs die boonste noordelike kant

edge of the same bluff to the location boundary at beacon 10; thence along the location boundary alongside the farms Buffelshoek and Emtonjeni to where it crosses the Manzamhlope Stream; thence downstream along the Manzamhlope Stream to its confluence with the Mpisi River; thence downstream along this river to beacon 11 which is at the junction of the water-course which rises just above Nobuqwa's kraal; thence up along this water-course to beacon 12 situated above its source; thence through beacon 13 to the topmost of the Maobela Hill to beacon 14; thence in a northerly direction through beacons 15 and 16 to the topmost of the Ndulinde Hill; thence through beacons 17 and 18 to beacon 19 which is situated near the south-western edge of the precipice which terminates the plateau hereabouts; thence along the north-eastern and northern top edge of this precipice to beacon 20 which is situated above a small water-course; thence in a straight line to beacon 21 which marks the source of this water-course; thence down along this water-course to its junction about 500 yards lower down with another water-course at beacon 22; thence up along this latter water-course to beacon 23 which is situated on the top southern edge of the Hutshini Hill; thence along the top northern and north-eastern edges of the Hutshini Hill to beacon 24 which is situated directly opposite the Tshabe Peak; thence in a straight line to beacon 25 which is near the base of the Tshabe Peak; thence over the top of the Tshabe Peak to beacon 26; thence following generally along the top of the Tshabe Ridge through beacons 27, 28 and 29 to beacon 30 which is situated on the left bank of the Mpisi River; thence downstream along the Mpisi River to beacon 31 which is situated at the base of Masutshwa Knoll; thence in a straight line to beacon 32 which is on the top of the said knoll; thence in a northerly direction to beacon 33 which is about 100 yards north-east of Sidina's kraal; thence continuing in the same straight line to beacon 34 which is situated on the topmost of the more easterly of the 2 Emagqumaneni Knolls; thence through beacon 35 to the topmost of the more westerly of the said knolls; thence through beacon 36 to the topmost of the Sese Hill; thence through beacon 37 to beacon 38 which is on the Sese Ridge; thence to the point of commencement.

*Area* 2.

Beginning at a point on the south-easterly boundary of the farm Emtonjeni where it is intersected by the Manzamhlope Stream in a westerly direction along the boundaries of the farms Emtonjeni, Jammerdal and Elandsvlei to the Mapumulo–Kranskop Road; thence along the road in an easterly direction to beacon 1A; thence in a straight line to beacon 1; thence in a straight line to beacon 2 which is at an old fort situated about 200 yards north of the road; thence in a straight line to beacon 3 which is above the source of the Manzamhlope Stream; thence downstream along this stream to the point of commencement.

No. 1697.] [27 October 1967.

AMAMBEDU TRIBAL AUTHORITY.—MAPUMULO DISTRICT.

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 658 OF 1961.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), and sections 2 (3) and 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 658, dated 5 May 1961, in accordance with the accompanying schedule.

F53/1407/1.

SCHEDULE.

1. In paragraph 1 (*b*) substitute for the word "Ndhleleni" the word "Ndleleni".

van dieselfde voorgebergte tot by die lokasiegrens by baken 10; daarvandaan langs die lokasiegrens, langs die plase Buffelshoek en Emtonjeni tot waar dit die Manzamhlopespruit kruis; daarvandaan met die Manzamhlopespruit af tot by sy samevloeiing met die Mpisirivier; daarvandaan met hierdie rivier af tot by baken 11 wat die aansluiting is van die waterloop wat net bokant Nobuqwa se kraal ontspring; daarvandaan met hierdie waterloop op tot by baken 12 geleë bokant sy oorsprong; daarvandaan deur baken 13 tot by die toppunt van Maobelaheuwel tot by baken 14; daarvandaan in 'n noordelike rigting deur bakens 15 en 16 tot by die toppunt van Ndulindeheuwel; daarvandaan deur bakens 17 en 18 tot by baken 19 wat geleë is naby die suidwestelike rand van die afgrond waar die plato ongeveer hier eindig; daarvandaan langs die noordoostelike en noordelike boonste rand van hierdie afgrond tot by baken 20 wat bokant 'n klein waterloop geleë is; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 21 wat die oorsprong van hierdie waterloop aandui; daarvandaan met hierdie waterloop af tot by sy aansluiting ongeveer 500 jaarts verder af met 'n ander waterloop by baken 22; daarvandaan met laasgenoemde waterloop op tot by baken 23, geleë op die boonste suidelike kant van die Hutshiniheuwel; daarvandaan langs die boonste noordelike en noordoostelike rante van Hutshiniheuwel tot by baken 24 wat regoor die Tshabespits geleë is; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 25 naby die voet van die Tshabespits; daarvandaan oor die kruin van die Tshabespits tot by baken 26; daarvandaan min of meer langs die kruin van die Tshaberand deur bakens 27, 28 en 29 tot by baken 30 wat op die linkeroewer van die Mpisirivier geleë is; daarvandaan met die Mpisirivier af tot by baken 31 wat aan die voet van Masutshwabult geleë is; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 32 wat bo-op gemelde bult is; daarvandaan in 'n noordelike rigting tot by baken 33 wat ongeveer 100 jaarts noordoos van Sidina se kraal is; daarvandaan in dieselfde reguit lyn tot by baken 34 wat op die toppunt van die oostelikste van die 2 Emagqumanenibulte geleë is; daarvandaan deur baken 35 tot by die toppunt van die westelikste van genoemde bulte; daarvandaan deur baken 36 tot op die toppunt van die Seseheuwel; daarvandaan deur baken 37 tot by baken 38 bo-op die Seserand; daarvandaan tot by die beginpunt.

*Gebied* 2.

Vanaf 'n punt op die suidoostelike grens van die plaas Emtonjeni waar dit gekruis word deur die Manzamhlopespruit in 'n westelike rigting langs die grense van die plase Emtonjeni, Jammerdal en Elandsvlei tot by die Mapumulo–Kranskoppad; daarvandaan langs hierdie pad in 'n oostelike rigting tot by baken 1A; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 1; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 2 wat by 'n ou fort ongeveer 200 jaarts noord van die pad geleë is; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by baken 3 wat bokant die oorsprong van die Manzamhlopespruit is; daarvandaan met hierdie spruit af tot by die beginpunt.

No. 1697.] [27 Oktober 1967.

AMAMBEDUSTAMOWERHEID.—DISTRIK MAPUMULO.

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 658 VAN 1961.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en artikels 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 658 van 5 Mei 1961 ooreenkomstig bygaande bylae.

F53/1407/1.

BYLAE.

1. In paragraaf 1 (*b*) vervang die woord „Ndhleleni" deur die woord „Ndleleni".

2. In paragraph 1 (*c*) substitute for the words "consist of not less than six and not more than nine councillors" the words "consist of not more than nine councillors".

3. Substitute for the words "Amambhedu Tribe" and "Amambhedu Tribal Authority" wherever they appear the words "Amambedu Tribe" and "Amambedu Tribal Authority", respectively.

4. In the schedule substitute for the words "from the south-western beacon" up to the words "Magcopela Stream" the following words:—

"Beginning from a beacon on the boundary between the Mapumulo and Lower Tugela Districts south of the farm Langspruit; thence to a granite rock to the north-west of Nkiyase Kuzwayo's old kraal site; thence in a straight line across the Magcopela Stream....."

No. 1724.] [27 October 1967.

MUNICIPALITY OF ZASTRON.

DESCRIPTION OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

On behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, I, Barzillai Coetzee, Deputy-Minister of Bantu Administration and Education, in terms of the provisions of section 2 (1) *bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), hereby describe, as set forth in the schedule hereto, the land situate within the area of jurisdiction of the urban local authority of Zastron, which has been defined and set apart as a Bantu residential area and Bantu village under section 2 (1) (*a*) and (*b*) of the said Act.

Government Notice No. 1730, dated 21 September 1945 is hereby repealed.

B. COETZEE,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Education.

SCHEDULE.

A certain portion of the farm Verlies Fontein 354 and Erf 554, Zastron, measuring 126·2778 morgen in all, as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under S.G. 1514/60.

*Reference No.* A.19/1790.]

No. 1725.] [27 October 1967.

MUNICIPALITY OF MOORREESBURG.

ABOLITION OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.

On behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, I, Barzillai Coetzee, Deputy-Minister of Bantu Administration and Education, hereby declare that the Bantu residential area and Bantu village, situate within the area of jurisdiction of the urban local authority of Moorreesburg and set apart in terms of Government Notice No. 136, dated 22 January 1926, has, in terms of the provisions of section 3 (2) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), been abolished.

Government Notice No. 136, dated 22 January 1926, is hereby repealed.

B. COETZEE,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Education.

*Reference No.* A.19/1439.]

2. In paragraaf 1 (*c*) vervang die woorde „uit minstens ses en hoogstens nege raadsmanne moet bestaan" deur die woorde „uit hoogstens nege raadsmanne bestaan".

3. Vervang die woorde „Amambhedustam" en „Amambhedustamowerheid" waar dit ookal voorkom deur die woorde „Amambedustam" en „Amambedustamowerheid" onderskeidelik.

4. In die bylae vervang die woorde „begin by die suidwestelike baken" tot en met die woord „Magcopelastroom" deur die volgende woorde:—

„Begin by 'n baken op die grens tussen die distrikte Mapumulo en Lower Tugela suid van die plaas Langspruit; daarvandaan na 'n granietrots noordwes van die ou stat van Nkiyase Kuzwayo; daarvandaan in 'n reguit lyn oor die Magcopelastroom....."

No. 1724.] [27 Oktober 1967.

MUNISIPALITEIT VAN ZASTRON.

OMSKRYWING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling omskryf ek, Barzillai Coetzee, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) *bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), hierby, soos in die bylae hiervan uiteengesit, die grond, geleë binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Zastron, wat ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) (*a*) en (*b*) van genoemde Wet as Bantoewoongebied en Bantoedorp afgesonder en bepaal is.

Goewermentskennisgewing No. 1730 van 21 September 1945 word hierby herroep.

B. COETZEE,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

BYLAE.

'n Sekere gedeelte van die plaas Verlies Fontein 354 en Erf 554, Zastron, gesamentlik 126·2778 morg groot, soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder L.G. 1514/60 goedgekeur is.

*Verwysingsnommer* A.19/1790.]

No. 1725.] [27 Oktober 1967.

MUNISIPALITEIT VAN MOORREESBURG.

AFSKAFFING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.

Namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, verklaar ek, Barzillai Coetzee, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, dat die Bantoewoongebied en Bantoedorp, geleë binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Moorreesburg en afgesonder by Goewermentskennisgewing No. 136 van 22 Januarie 1926, ingevolge die bepalings van artikel 3 (2) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), afgeskaf is.

Goewermentskennisgewing No. 136 van 22 Januarie 1926, word hierby herroep.

B. COETZEE,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

*Verwysingsnommer* A.19/1439.]

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

No. 1691.] [27 October 1967.

CONSTITUTION OF A RENT BOARD AND DISSOLUTION THEREOF AS FAR AS ITS JURISDICTION OVER BUSINESS PREMISES IS CONCERNED.—MAGISTERIAL AREA OF NELSPRUIT.

The Minister of Community Development, under and by virtue of the powers vested in him by subsections (1) and (2) of section *four* of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), has—

(*a*) constituted a rent board for the Magisterial Area of Nelspruit with effect from the 31st July 1967; and

(*b*) dissolved the said rent board in so far as its jurisdiction over business premises is concerned with effect from the date of its constitution.

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

No. 1691.] [27 Oktober 1967.

INSTELLING VAN HUURRAAD EN ONTBINDING DAARVAN VIR SOVER DIT SY REGSBEVOEGDHEID OOR BESIGHEIDSPERSELE BETREF.—LANDDROSDISTRIK NELSPRUIT.

Die Minister van Gemeenskapsbou het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikels (1) en (2) van artikel *vier* van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950)—

(*a*) met ingang van 31 Julie 1967, 'n huurraad vir die landdrosdistrik Nelspruit ingestel; en

(*b*) die genoemde huurraad ontbind met ingang vanaf die datum van sy instelling vir sover dit sy regsbevoegdheid oor besigheidspersele betref.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 1721.] [27 October 1967.

BUREAU OF HERALDRY.

HERALDRY ACT, 1962 (ACT No. 18 OF 1962).

The following registrations have been effected with the Bureau of Heraldry, Pretoria, in terms of the abovementioned Act and the Regulations published thereunder:—

H.4/3/2/134.—The Coat of Arms of the Municipality of Francistown, Botswana, as published under Government Notice No. 844 of 9 June 1967.

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 1721.] [27 Oktober 1967.

BURO VIR HERALDIEK.

HERALDIEKWET, 1962 (WET No. 18 VAN 1962).

Onderstaande registrasies is by die Buro vir Heraldiek, Pretoria, uitgevoer kragtens die bepalings van bogenoemde Wet en die Regulasies soos daaronder uitgevaardig:—

H.4/3/2/134.—Die Wapen van die munisipaliteit Francistown, Botswana, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 844 gedateer 9 Junie 1967.

## DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 1676.] [27 October 1967.

APPOINTMENT.—HOSPITAL BOARD, WITRAND INSTITUTION, POTCHEFSTROOM.

The Minister of Health, has, under the powers conferred on him by section 54 of the Mental Disorders Act, 1916 (Act No. 38 of 1916), appointed the following persons to be members of the Witrand Institution Board for a period of 3 years as from 4 November 1967:—

Mr G. Fleischack (Chairman).
Dr D. J. Celliers.
Prof. J. M. Hattingh.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 1676.] [27 Oktober 1967.

AANSTELLING.—HOSPITAALRAAD, WITRAND-INRIGTING, POTCHEFSTROOM.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 54 van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916), ondergenoemde persone as lede van Hospitaalraad, Witrand-inrigting, aangestel vir 'n tydperk van 3 jaar met ingang 4 November 1967:—

Mnr. G. Fleischack (Voorsitter).
Dr. D. J. Celliers.
Prof. J. M. Hattingh.

## DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 1692.] [27 October 1967.

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS: LIST No. A.62.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963), declared the undermentioned Publications and/or objects to be undesirable:—

| | Publications/*Publikasies.* | By/*Deur.* |
|---|---|---|
| 1. | *All the rest have died*..... | Bill Gunn. |
| 2. | *Door closing, A*..... | Simon Masters. |
| 3. | Grammofoonplaat: *Folk on trek*, CBS recording No. ALD 8056 | Des Lindberg and Dawn Silver. |
| 4. | Gramophone record: *Folk on trek*, CBS recording, No. ALD 8056 | Des Lindberg and Dawn Silver. |
| 5. | *Home and exile*..... | Lewis Nkosi. |
| 6. | *Revealing confessions*, No. 42, June 1967 | — |
| 7. | *Secret true confessions*, Vol. 1, No. 4, November 1967 | — |

A. J. VAN WYK,
*for* Chairman, Publications Control Board.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1692.] [27 Oktober 1967.

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE: LYS No. A.62.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:—

| | Publications/*Publikasies.* | By/*Deur.* |
|---|---|---|
| 8. | *To kill the hero*..... | John Scott. |
| 9. | *True life confessions*, Vol. 2, No. 4, December 1967 | — |
| 10. | *True romantic confessions*, Vol. 4, No. 12, October 1967 | — |
| 11. | *Upbeat*..... | Irving Shulman. |
| 12. | *Verwoerd*—Political Leaders of the Twentieth Century | Alexander Hepple. |
| 13. | *Youngest director, The*..... | Martyn Goff. |

A. J. VAN WYK,
*namens* Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1693.] [27 October 1967.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS: LIST B.58.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*a*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

| Publications/*Publikasies* | By/*Deur* |
|---|---|
| 1. *Big explosion, The* (Published by/Uitgegee deur Charles A. Julian Enterprises, Inc., New York.) | — |
| 2. *Blood sport* | Victor Cross. |
| 3. *De Wet is Blank* | Bloke Modisane. |
| 4. *Five smooth stones* | Ann Fairbairn. |
| 5. *Girlie parade*—The Connoisseur's Playpen Companion | — |

A. J. VAN WYK,
*for* Chairman, Publications Control Board.

No. 1694.] [27 October 1967.

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST.

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted:—

"*Across the River and Into the Trees*"—Ernest Hemingway.

Government Notice No. 2195 of the 12th of November 1956, is amended accordingly.

A. J. VAN WYK,
*for* Chairman, Publications Control Board.

No. 1722.] [27 October 1967.

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937.—PIENAAR TO KIRBY.

The Acting State President has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Roy John Pienaar and his wife, Emid Pienaar (born Hewson), residing at 53 Cloucester Road, Kensington, Johannesburg, to assume the surname of Kirby.

No. 1723.] [27 October 1967.

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937.—HARTY TO BARNES.

The Acting State President has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Maitland Harty, residing at 21 Cambourne Road, New Redruth, Alberton, to assume the surname of Barnes.

## DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1695.] [27 October 1967.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—PLYWOOD INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

The Wage Board will meet at the places, dates and times stated below for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 1224 in the *Government Gazette* of the 18th August 1967.

(*a*) *Cape Town.*—In the Board Room, Room 213, Department of Labour, Thomas Boydell Building, Parade Street, at 2 p.m. on the 21st November 1967.

No. 1693.] [27 Oktober 1967.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE: LYS No. B.58.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*a*) van artikel *eenhonderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

| Publications/*Publikasies.* | By/*Deur.* |
|---|---|
| 6. *Golden runaways, The* | Stephen Longstreet. |
| 7. *Hochzeitsnacht im Leichenwagen* | Day Keene. |
| 8. *Itinerant, The* | William Herrick. |
| 9. *Male deviations and bizarre practices* | Robert J. Bledsoe. |
| 10. *Public parts and private places* | Robin Cook. |
| 11. *Race and racism* | Pierre L. van den Berghe. |
| 12. *Sex jungle, The* | Peter Capon. |

A. J. VAN WYK,
*namens* Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1694.] [27 Oktober 1967.

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS.

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:—

„*Across the River and Into the Trees*"—Ernest Hemingway.

Goewermentskennisgewing No. 2195 van 12 November 1956 word dienooreenkomstig gewysig.

A. J. VAN WYK,
*namens* Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1722.] [27 Oktober 1967.

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—PIENAAR IN KIRBY.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Roy John Pienaar en sy eggenote, Emid Pienaar (gebore Hewson), woonagtig te Cloucesterweg 53, Kensingson, Johannesburg, te magtig om die van Kirby aan te neem.

No. 1723.] [27 Oktober 1967.

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—HARTY IN BARNES.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Maitland Harty, woonagtig te Cambourneweg 21, New Redruth, Alberton, te magtig om die van Barnes aan te neem.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1695.] [27 Oktober 1967.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—LAAGHOUTNYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

Die Loonraad sal op ondervermelde plekke, datums en tye vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 1224 in die *Staatskoerant* van 18 Augustus 1967 gepubliseer is.

(*a*) *Kaapstad.*—In die Raadskamer, Kamer 213, Departement van Arbeid, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 2 nm. op 21 November 1967.

(*b*) *Durban.*—In the Board Room, Room 317, New Government Building, Masonic Grove, at 9 a.m. on the 23rd November 1967.

(*c*) *Johannesburg.*—In the Board Room, Room 616, Department of Labour, Labour Building, 180 Bree Street, Newtown, at 10 a.m. on the 28th November 1967.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 1696.] [27 October 1967.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—COAL TRADE, CERTAIN AREAS.

CORRECTION TO GOVERNMENT NOTICE.

Government Notice No. 1611, dated 13th October 1967, is hereby amended as follows:—

In the English version insert the word "Brakpan" after "Boksburg" where it appears in the definition of "Transvaal".

## DEPARTMENT OF MINES.

No. 1698.] [27 October 1967.

DECLARATION AS CONTROLLED MINE.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Mines, under the powers vested in him by section 44 (3) of the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962 (Act No. 64 of 1962), has declared the following mine to be a controlled mine with effect from 1st December 1967:—

Springbok Industrial and Mineral Ventures Limited, worked by Springbok Industrial and Mineral Ventures Limited, P.O. Box 102, Postmasburg, on Beesthoek 448, Hay Q.8-9, Olyn Fontein 475, Hay Q.2-15, Pensfontein 449, Hay Q.3-16 and Postmasburg Commonage in the Magisterial District of Hay, Cape Province.

M.M. 60/225.

No. 1699.] [27 October 1967.

DECLARATION AS CONTROLLED MINES.

Notice is hereby given in terms of section 44 (7) of the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962 (Act No. 64 of 1962), that the Honourable the Minister of Mines, under the powers vested in him by section 44 (5), has declared the following mines to be controlled mines with effect from 1 December 1967:—

(1) Ottoshoop Holding (Pty) Ltd, worked by Ottoshoop Holding (Pty) Ltd, P.O. Box 199, Zeerust, on Wintershoek 303 JP in the Magisterial District of Zeerust, Transvaal Province.

(2) Rhenosterfontein Fluorspar Mine (Pty) Ltd, worked by Rhenosterfontein Fluorspar Mine (Pty) Ltd, 10 Park Street, Zeerust, on Rhenosterfontein 304 JP in the Magisterial District of Marico, Transvaal Province.

M.M. 60/225.

## DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS.

No. 1700.] [27 October 1967.

